# Les 7 JESUS CHRISTUS IS VANDAG ‘N HEILIGE, ONBERISPELIKE EN SMETLOSE MENS IN DIE HEMEL.

Kom ons lees die twee getuienisse oor die geboorte van Jesus Christus.

*“26 In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na ʼn maagd in Nasaret, ʼn dorp in Galilea. 27 Sy was verloof aan Josef, ʼn man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria. 28 Toe die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.” 29 Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken. 30 Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou. 31 Jy sal swanger word en ʼn seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee. 32 Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee, 33 en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.” 34 Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met ʼn man gehad het nie?” 35 Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.”* (Lukas 1)

*“18 Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom. 19 Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek. 20 Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar ʼn engel van die Here in ʼn droom aan hom verskyn en gesê: “Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees. 21 Sy sal ʼn Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.” 22 Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word: 23 “Die maagd sal swanger word en ʼn Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons. 24 Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou. 25 Hy het egter nie met haar omgang gehad voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En Josef het Hom Jesus genoem.”* (Matteus 1)

## 1. Jesus is gebore uit die maagd Maria

Altwee hierdie getuienisse sê dat Maria ʼn maagd was toe Jesus gebore is.

Wat is ʼn maagd?

Dit is ʼn jong vrou wat nog nooit seksuele omgang met ʼn man gehad het nie.

Dit is hoekom Maria so verbaas is wanneer die Here vir haar sê sy gaan swanger wees. Sy gaan ʼn baba verwag. Sy weet sy het nog nooit seksuele omgang met ʼn man gehad nie en nou gaan sy ʼn baba verwag!

Dit is ook hoekom Josef hulle verlowing wil verbreek. Hy weet hulle het nie seksuele omgang gehad nie, maar sy is swanger. Só, al wat hy kon dink is dat sy met ŉ ander man omgang gehad het.

Daarom gee die Here aan Josef die versekering dat Maria nie met ŉ ander man ŉ verhouding gehad het nie. God self het Jesus in haar verwek.

**2. <u>Jesus is uit Maria verwek sonder manlike saad</u>**

Die engel het Maria geantwoord:

*"Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek."*

Die krag van die Allerhoogste is die krag van God waardeur Hy alles uit niks uit geskep het. God het alles wat bestaan, geskep.

**2.1 <u>Jesus is nie ŉ proefbuisbaba nie</u>**

God sê vir Maria dat Hy uit haar as vrou 'n kindjie gaan skep sonder 'n man se saad. Maria is nog 'n maagd en terwyl sy 'n maagd is, gaan God 'n kindjie uit haar gene en chromosome binne-in haar skep. Dit is sonder die chromosome van ŉ man. Jesus is dus nie ŉ proefbuisbaba wat, klaar gemaak, binne-in Maria ingeplant is deur God nie. God het Hom uit Maria se chromosome geskep.

**2.2 <u>Jesus is nie ŉ kloon nie</u>**

Jesus is ŉ nuwe skepping uit Maria – nie maar net ŉ kloon nie. As Jesus ŉ kloon was, dan moes Hy ŉ vrou gewees het.

**2.3 <u>Jesus was nie ŉ kunsmatig bevrugte baba nie</u>**

God het Maria ook nie bevrug nie. God het nie manlike saad aan Maria voorsien soos met ŉ kunsmatige bevrugting nie. Uit Maria het God Jesus geskep. Verwek beteken om te skep, nie om te bevrug nie. God het dus nie manlike saad aan Maria verskaf nie. Hy het sonder manlike saad, uit Maria, vir Jesus geskep.

Jesus is dus Maria se eie kind, uit haar liggaam gevorm as vrou. God het Jesus nie uit niks gemaak nie. Hy het Jesus gemaak uit Maria as vrou.

Die gehoorsaamheid wat die Here van Maria gevra het, is dat sy Jesus as 'n kindjie wat deur God verwek is, as ma sal aanvaar. Sy moes glo dat vir God niks onmoontlik is nie. Sy was Jesus se eie ma en sy moes hom aanvaar as 'n kindjie wat God geskep het om die Christus vir die kerk te wees.

Maria aanvaar Jesus as haar kind wat God verwek het, en vir wie sy ma moet wees, met hierdie woorde:

*"Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het."*

**2.4 Jesus is Josef se aangenome kind**

Jesus was Maria se eie kind, maar Hy was Josef se aangenome kind. God het van Maria gevra om Jesus as haar eie kind te aanvaar. Van Josef het God gevra om Jesus as sy seun aan te neem, al is hy nie die pa nie:

*"20 Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "20Josef, seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees.21 Sy sal 'n seun in die wêreld bring en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sonde sal verlos."* (Matt.1)

Josef moes ook aanvaar dat God hierdie kindjie geskep het. Maria was nie ontrou aan Josef gewees nie, al het sy swanger geword. Deur Josef se geloof in die woord van die engel, aanvaar hy dus Jesus as sy aangenome kind.

**3. Jesus is 'n heilige mens**

Wat maak dit Jesus dat Hy verwek is uit Maria sonder bevrugting? Lukas 1:35:

*"[35] Die engel antwoord haar: "Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God."*

Die wyse waarop Jesus in Maria verwek is as baba, maak Hom baie anders as ander babas. Lukas sê:

*"Daarom sal die een wat gebore genoem word, heilig genoem word, die Seun van God."*

**3.1 'n Mens presies net soos ons**

Jesus is verwek as baba. Hy is uit sy ma gevorm. Hy is gebore as mens, net soos ons. Hy is Maria se eie kind en hy is 'n kleinseun van Dawid.

As baba was Jesus net soos enige ander baba, net soos ons ook babas was: hy het gehuil as hy honger was, hy is deur sy ma gevoed, hy moes leer sien, hoor en voel, nes enige ander baba.

Hy moes ook leer loop, eet en speel as 'n kleintjie. Hy was 'n kind, net soos enige ander kind. Hy moes skool toe gaan en sy ouers help: vir Maria, sy ma, in die huis en vir Josef, sy pa, met sy houtwerk. Hy moes ook leer om saam met sy boeties en sussies te leef. Jesus was ook 'n tiener en het geestelik en liggaamlik alles beleef wat tieners beleef. Later as 'n volwasse man, het Jesus sy plek in die gemeenskap ingeneem, nes enige ander volwasse man.

**3.2 'n Mens met 'n ander geaardheid: Jesus is heilig**

Wat Jesus anders as ons maak, is dat hy nie deur 'n pa verwek is nie, maar deur God uit Maria gemaak is. Dit maak Jesus baie anders as ons of enige ander mens. Net Jesus is as kind deur God in 'n ma verwek, niemand anders nie. Alle ander kinders het pa's.

Lukas wys hoe maak dit Jesus anders: Jesus is heilig. Heilig beteken dat Jesus met 'n ander geaardheid gebore is as ander kinders. Jesus het nie 'n geaardheid ontvang van sy ouers om sonde te wil doen nie. Want Hy is nie deur sy ouers verwek nie, maar deur God nuut geskep.

**4. Ons het 'n sondige aard**

Geaardheid is aangebore. Ons word gebore met 'n sondige geaardheid. Dit beteken dat ons van geaardheid wil sondig. Ons wil nie hoor wat God wil hê nie. Ons wil dit nie doen nie. Ons wil dit verbreek. Ons wil God nie liefhê nie. Ons wil Hom haat.

Dit is iets wat in ons geaardheid is. Ons het dit as kinders geërf van ons ouers. Net soos wat jy as kind jou pa se ore erf, jou ma se oë erf, jou oupa se neus erf, jou ouma se mond erf, net so erf ons hulle sondige geaardheid.

'n Mens kan 'n baba in die mooiste omgewing en met die liefdevolste gesindheid grootmaak. 'n Mens kan altyd net mooi dinge voor 'n kind sê en doen. 'n Mens kan al die lelike dinge van die wêreld van 'n kind weghou. Hy gáán sonde doen! Sonde is nie iets wat 'n mens doen omdat jy dit geleer word nie. 'n Mens doen dit van nature. Dit kom sommer vanself uit 'n kind se hart en gemoed uit.

**'n Voorbeeld**

Ons kan dit met 'n bedding in 'n tuin vergelyk. Wanneer 'n bedding in 'n tuin klaar omgespit is en mooi skoon is, hoef 'n mens nie onkruidsaad te strooi of te plant voor dit gaan opkom nie. Dit gaan sommer vanself opkom. Dit is klaar binne-in die grond terwyl jy dit omspit.

Net so word babas gebore: hulle harte en gemoed is klaar verkeerd ingestel met geboorte. Hulle het die geaardheid om sonde te doen. Niemand hoef hulle daaraan gewoond te maak nie. Hulle is met geboorte klaar gereed vir sonde. Hulle erf die geaardheid van hulle ouers.

**5. Jesus het met sy geaardheid – heilig, sonder smet en onberispelik gelewe**

Jesus se lewe was net soos sy geaardheid – heilig, sonder smet en onberispelik.

Wat beteken hierdie drie woorde?

Al drie hierdie woorde beskryf vir ons iets van Jesus en die Tien Gebooie.

**Heilig**

‘Heilig’ beteken dat Jesus se hele hart, siel en verstand daarop ingesteld was om die Tien Gebooie altyd te onderhou. Jesus het met al sy krag die Tien Gebooie heeltemal onderhou, vandat hy 'n baba was, tot en met sy dood. ‘Heilig’ beteken ten volle: die hele hart, die hele siel, die hele verstand en alle kragte. Dit is die wyse waarop Jesus God en sy naaste liefgehad het – volkome volgens God se wil.

**Vlekkeloos en sonder smet**

Hierdie twee woorde gaan oor onheiligheid. Wanneer 'n mens daarop ingesteld is om God en jou naaste heeltemal lief te hê, doen 'n mens nie sonde nie. Dit maak 'n mens 'n heel en volkome mens.

Maar elke keer wanneer 'n mens God nie heeltemal liefhet nie, of jou naaste ten volle soos die Here wil nie, maak jy jouself en ander mense vuil en smetterig.

Hierdie vuilheid maak vlekke en kolle op 'n mens en sy lewe. Sonde is iets wat op 'n mens wys. Net soos 'n vuil kol of 'n smetterige kol op 'n mens se klere wys, net so wys sonde geestelik op mense: hulle is vol vuil en smetterige kolle voor God en hulle naaste.

As jy jou ouers nie gehoorsaam nie, sit daar só ʼn kol op jou: "Hy/sy is 'n rebel.
As jy jou maats slegsê en kwaadpraat van jou onderwysers, dan sit daar só ʼn kol op jou: "Hy/sy is gemeen."
As jy jouself met seksvideos, pornografiese tydskrifte en vuil grappe besig hou, dan sit daar só ʼn kol op jou: "Hy/sy is pervert."
As jy gesteel het, sit daar só ʼn kol op jou: "Hy/sy is 'n dief".
As jy dinge sê van ander mense wat nie waar is nie, dan sit daar só ʼn kol op jou: Hy/sy is 'n leuenaar.

Jesus het nie een so 'n kol of stukkie smetterigheid gehad wat op Hom gesit het nie. Hy was vlekkeloos en sonder smet.

**Onberispelik**

‘Onberispelik’ beteken sonder blaam. ‘Blameer’ beteken om iemand uit te wys vir wat fout gegaan het in jou lewe. Om God en jou naaste heeltemal lief te hê volgens die Tien Gebooie, maak dat 'n mens nooit uitgewys kan word vir wat fout is in jou of ander mense se lewens nie.

Niemand het nog ooit iemand geblameer vir liefde nie. Wanneer jy God en jou naaste volkome liefhet soos God dit wil hê, is jy onberispelik vir die probleme en hartseer van mense.

Jesus is onberispelik. Hy het altyd as mens volkome God se wil gedoen. Daarom is Hy nie die oorsaak van mense se hartseer, foute en probleme nie. Hy is sonder blaam.

**Jesus is vandag nog steeds die mens wat ons nooit kan wees nie**

Jesus is 'n heilige mens sonder enige vlek of rimpel van sonde binne-in sy hart, siel, verstand en liggaam. Hy begeer nie sonde nie. Hy dink nie aan sonde nie. Hy verlang nie om sonde te doen nie. Hy wil nie sonde doen nie.

So was hy vandat Hy 'n baba was, tot en met sy dood as volwasse mens.

Jesus is vandag nog steeds hierdie mens wat in sy geaardheid heilig is: volmaak toegewyd aan die wil van God. Kyk mooi, Hy was nie so mens gewees nie. Hy is vandag nog steeds so 'n mens!

Hy leef vandag nog steeds in die hemel as 'n heilige mens. Kyk hoe beskryf Paulus dit in Romeine 6:

*"9 Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie. 10 Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God."*

Kyk na hierdie stelling: *"Nou lewe Hy en Hy lewe vir God."* Die "nou" van Paulus kan maklik dertig jaar na Jesus se hemelvaart wees. Hy leef dertig jaar na sy hemelvaart as mens en Hy leef vir God. Hierdie 'leef vir God' beteken Jesus leef steeds as die heilige mens, sonder enige vlek of smet van sonde.

Dis vandag nog steeds só!

Jesus is vandag nog steeds die mens wat heilig, sonder smet en onberispelik vir God leef. Dis sy geaardheid.

**Opsomming**

Jesus is ʼn mens, nes ons, in die hemel vandag – gebore uit ʼn mens, nes ons. Maar Jesus het nie ʼn sondige geaardheid gehad nie: Hy is uit die maagd Maria gebore sonder bevrugting. Dit maak Hom heilig, sonder smet en onberispelik volgens die Tien Gebooie. Hy het ook so geleef, en leef vandag nog steeds so in die hemel.